Piekniek by Mpande neé Dingaan

Louis Roux

Vervaardig deur Saartjie Botha namens NATi

Kontakbesonderhede vir kopiereg/opvoerregte:

Nasionale Afrikaanse Toneel-inisiatief (NATi) (e-posadres: cornelia@nati.org.za)

Piekniek by Mpande neé Dingaan

Louis Roux en Geselskap
2016/2017

Vervaardig deur Saartjie Botha namens NATI en Woordfees

louisadroux@gmail.com

Geselskap:
Nicole Holm
Karli Heine
Ilana Cilliers
Nomathamsanqa Baba (Thami)
Marlo Minnaar
Ludwig Binge

Regisseur:
Johannes Petrus Brits (Wolf)

Skrywer/verwerker:
Louis Roux

Musiek Regisseur:
José Dias

Musikant/akteur/musiek assistent:
Pierre-Arnold Theron

Verhogbestuurder:
Danielle Louw

Dink Daaroor

Marlo: Twee visse swem.
Een vis sê vir die ander vis:

Ludwig: “Die water is lekker vandag, nè?”

Marlo: Die ander vis sê:

Nicole: “Wat is ‘water’?”

Marlo: Dink daaroor…

Onthou jy?

Marlo: Julius, die waiter
Op die patio.

Ludwig: Guys.

ALMAL: Hmm?

Ludwig: Onthou julle die aarde?

ALMAL: Ja. (Mompel eie woorde)

Ludwig: Onthou julle Suid-Afrika?

ALMAL: Ja (mompel eie woorde)

Marlo: Onthou julle ’94?

ALMAL: JA (mompel eie woorde)

Ludwig: Onthou julle Voëlvry?

ALMAL: Oeee ja! (opgewonde)

Nicole: Voëlvry was great!

Ilana: Almal was net so cool en woke.

Karli: En en Koos Kombuis!

ALMAL: Koos Kombuis!

Nicole: Ek het amper van hom vergeet.

Ludwig: Equilibrium met Lithium was so ‘n great album.

Karli: Lisa se Klavier, julle. Dis so mooi.

Ilana: *(begin sing)* Ons ry ‘n BMW!

Nicole, Ilana, Karli: ♪ Ons ry 'n BMW, vir rylopers sê ons altyd nee

Nicole: Nee, BMW was beslis Johannes Kerkorrel.

ALMAL: Johannes Kerkorrel!

Karli: Gee…

Nicole, Ilana, Karli: ♪ Gee gee, gee jou hart vir Hillbrow.

Ilana: Halala Afrika, guys!

Nicole: Die een wat my altyd kry is (*Guitar intro*) ♪ Onder in my

Nicole, Ilana, Karli: ♪ …onder in my, onder in my Whiskey glas.

Karli: Nog vier Jamesons Julius.

Nicole, Ilana, Karli: …was jy nog an my vas.

Ludwig: Was dit nie Koos Kombuis nie?

Nicole: Nee, dit was Johannes Kerkorrel.

Ludwig: O.

Pause. (*Thami kom in met Whiskeys en Kreef*)

Ilana: Eet Kreef, guys.

Ludwig: O ja, nog vier krewe asseblief, Julius.

Karli: Ah ek wens ek kon daar wees, jy weet, in die 80's.

Ilana: Toe daar nog iets was om voor te veg.

Ludwig: So cool.

Nicole: Ek was daar, guys. Live.

Ilana: Jy's so cool.

Ludwig: So cool.

Karli: Rad!

Nog Brecht 1

Ilana: Sal daar nog musiek wees?

Karli: (ja, ons sal aanhou sing)

Ilana: ook in die donker tye?

Karli: (ja, veral in die donker tye)

Ilana: Soos nou!

♪Ou Tannies is Ook Mense
Nicole (Karli, Ilana, Marlo en Ludwig herhaal "Ou Tannies")

Karli & Ilana: Ou Tannies
Nicole:
Die oumas se koppies bewe
En wat doen ek?
Ek sit en vrek
En droom 'n vorige lewe

Die volk skrik
Vir vrot pampoen
Ek refresh my facebook
En wonder wat om te doen

Ek ry nie meer 'n BMW
Ek hashtag luister as die kinders skree
En ek sit en drink
In my huisie by die see

Nicole, Ilana & Karli:
Ek ry nie meer 'n BMW
Ek hashtag luister as die kinders skree
En ek sit en drink
In my huisie by die see

Karli & Ilana: (ou Tannies*instrumental*)
Ou Tannies
Blou tannies
Trou tannies
Skou tannies
Merlot tannies
Jou tannies
Go tannies

Nicole, Ilana & Karli:
Ek ry nie meer 'n BMW
Ek hashtag luister as die kinders skree
En ek sit en drink
In my huisie by die see

Ou Tannies
Pa gil vir die nuus
Karli & Ilana: Blou tannies
En ma voel bietjie flou
Karli & Ilana: Jou tannie
Die woord is in die bries
Karli & Ilana: Fok jou tannies
Wat sê die nasie nou?

Karli & Ilana: (SEXY Ou Tannies instrumental improv)
Ludwig: Hey! Stop! My ouma is in die gehoor

‘n Gekastreerde Haiku

Marlo:
Jy’s dalk voëlvry
Maar jy sal nooit vry van
jou voël wees nie

Genesis

Ludwig: In die begin was die woord
En die woord was...
Die woord was...

Pierre: Die wooooooooord waaaaaaaas...

Ludwig: Uhm.

Marlo: Wat was die woord nou weer?
O ja!
Die woord was

Nicole, Karli, Ilana: Woord.

Ilana: En die woord was wit gesetel
In ons skedels
En ons het onsself gewapen
En gepantser met die woord

Karli: En daar gat ons
weg
wegger
weggerder
buite uiter die kring van lig
op skepe
gespan met die woord

Nicole: Die woord was wet
Die woord was geloof
Die woord was geld
En dit was
Ilana, Karli en Nicole: ♪ons woord
ons wet
ons geloof
ons geld

Pierre: Maar die woord was ook tronk

Dames en Here, Broeders en Susters. Guys en girls. Baie wamkilekile by vanaand se erediens. Vanaand se tema is versoening. Rustig daar outjies, ek het gesê versoening, nie 'vir soene' nie – nee, ek grap net!

Versoening. Reconciliation. Ubuntu, of so iets. Wat beteken dit? Hmm? Wat ... be-teken ... dit? Vra dit vir jouself. Want ek vra vir jou, wat beteken ... Versoening? Kan enige iemand vir my sê? Asseblief, sê vir my. Ek wil weet.

Nee regtig, ek lees die woord die heeltyd raak en ek het nie 'n clue nie.

As jy weet, skryf jou antwoord op ‘n poskaart met ‘n afdruk van Van Gogh se Sonneblomme en stuur dit na:
Ds. Petrus Pretorius
Prittstraat
Pretoria

Ilana: Wat kan ons wen?

HIVF+

Thami: Good morning sir, how may I help you today?

Ludwig: Ek weet nie, dokter, iets is fout. Ek is skrikkerig vir alles – die kleinste dingetjie maak my paniekbevange. Ek bly al hoe meer in die huis. Ek kan niks laat gaan nie – nie straatname nie, nie Standaardafrikaans nie en nie my land nie.

Thami: Let's do a few tests. Please clench your fist, – oh, I see it's already clenched. Good.

Bleep bloop bleep bloop.

Thami: *(lees die uitslae. pause.)* Ek is jammer, maar menneer jy is Vryheidsfront positief

Ludwig: Wat gaan my vrou sê?

Thami: Stem sy EFF?

Ludwig: Nee, DA.

Thami: O well DA, FF… It's essentially the same thing.

Die Nuus om 88

Marlo (Pre-recoded): In die nuus vanaand: 'n Man van Belville, Andries Russouw, in 'n koma sedert 1988, het wakker geword in Groote Suur Hospitaal. January-April May rapporteer.

Marlo: Amper dertig jaar gelede was Andries Russouw, skrynwerker en amateur kalendermodel, besig om voor te berei vir 'n burgeroorlog wat hy geglo het aan die kom was. Terwyl hy nog sy Koo Baked Beans weggepak het, het die swaar staaldeur van sy tuisgemaakte bunker op sy kop toegeslaan. Hy is sederdien in 'n koma. Maar Andries is weer wakker. Vir die laaste twee weke werk dokters en spesialiste om die beurt om 29jaar van verandering by hom tuis te bring. Die pad voorentoe lyk moeilik, maar belowend.

Pierre: Ja, ek is baie opgewonde om meer te leer oor die... nuwe... Suid-Afrika. Ek het selfs vir my hierdie vlaggie gekry. Dis vreeslik ... kleurvol. Ek het nogal geskrik toe ek eers wakker word en sien dat my dokter 'n boy – 'n swar t... man – is. Maar hy lyk vir my oraait, en hy praat baie mooi Afrikaans. Hy's een van die goeies, as jy my vra.
Marlo: Meneer Russouw, dit is nie meer polities korrek om so te praat nie.
Pierre: Polities korrek? Polities korrek? Wat op aarde beteken dit?
Marlo: So, jy koester geen wrok teen die huidige regering nie?
Pierre: Nee! Nee. Ek ... pas nog aan ... Maar ek is besig om so baie te ... leer. Oor die wonderlike ... diversiteit van ons land.
Marlo: So, wat beplan jy om te doen noudat jy weer wakker is?
Pierre: Wel, ek wil eerstens leer hoe om Facebook te gebruik, en ook wat dit is. En wat 'die internet' is. En wat rekenaars is. Almal sê dis baie informatief. En uh dan gaan ek maar terug na die bunker toe om weer my skrynwerkery te beoefen.
Marlo: O?
Pierre: Ag ja weet jy, dit laat my veilig voel, die bunker. En die houtwerk.
Marlo: Maar gaan jy nie enige iets doen om die reconciliation process aan te moedig nie?
Pierre: Ek gaan beslis DA stem, ja.

Marlo: En so begin Andries sy nuwe lewe, min of meer presies dieselfde as sy ou lewe. Dit was January-April, ons skakel terug na jou in die ateljee.

Marlo (pre-recored): Dankie, January-April. Na die reklamebreuk: Die ontdekking van 'n navahou massagraf vetraag konstruksie aand die Mexico-muur en voormalige president F.W. de Klerk sê in 'n eksklusiewe onderhoud: "Hallo. Hallo? Wie is hierdie? Hoe het jy my nommer gekry? Hoekom sê jy nie enige iets nie? Ek kan jou hoor asemhaal! As jy my weer pla, bel ek die polisie, okay? Okay?? Asseblief, ek het niks met enigiets uit te waai nie, asseblief, hou op om my te bel."

♪ Meestal Apart (lied van die bevoorregtes)

dis nie my skuld
dat die land se beloftes
tussen hand en hand
onvervuld gaan nie

ek doen my deel hier,
maar nie te veel nie
want

ek herwin, ek gebruik min water
en ek sal later ophou vleis eet,
jy weet, net na hierdie braai verby is.
ek sê vir die rykes gee meer
vir liefdadigheid; ek sien
ander se menswaardigheid,
en ek sê altyd dankie
vir mense wat my bedien.

jy sien, ek kan nie verantwoordelik wees nie –
dit was nie my dodelike gees wat die
wat die waters vergiftig het nie.
ek is altyd versigtig met my woorde,
en my vrugte kom van locally-sourced organic boorde.
die moorde van wit en swart slaan ysig in my hart,
maar ek hou myself maar meestal apart.

ek doen my deel hier,
ek doen my deel hier
maar nie te veel nie

Jy doen jou deel hier,
Jy doen jou deel hier
maar nie te veel nie
want

ek wil nie oor politiek praat nie,
en ek praat nie oor haat nie,
en geskiedenis verveel my –
die slegte ou dae is mos nou verby
so kan ons nie net mekaar liefhê en vry
wees nie? ek lees nie, want ek wil nie hartseer wees nie
ek soek nie enige puin in my gees nie
moenie my forseer nie – ek's gemaklik
en dis maklik om gemaklik te wees

wat meer wil julle van my hê?
moet ek meer doen as
nice goed op facebook sê?

Ek wil deel wees (maar nie te veel nie)

K: Ek is so bly ons het hiernatoe gekom.
I: Ja, die trance party sou ook lekker gewees het, maar hierdie het soveel meer...
K: Soveel meer...
I: Uh...
K: Spirit!
I: Ja dis great om bietjie van die samelewing af weg te kom.
T: *(clears throat)*
K: O haai, ek het jou nie gesien nie!
T: Welcome to the Uhuru Cultural experience camp Retreat, ladies. Or as we say: siya namkela nonke. My name is Nomathamsanqa Baba.

(K and I look bewildered)

T: But you can call me Thami. How I can I help you today?
K: Ja, ons het 'n hut vir twee bespreek. Sê vir my, is die badkamers en suite?
T: I'm sorry?
K: Hoekom is jy jammer? Dis fine as die badkamers nie en suite is nie, maar sê net asseblief vir my daar's lugverkoeling.
T: *(pause)* Excuse me?
I: O ek sien. Oh I see. Hi Tammy, we booked a hut for two. And she would like to know if...
K: Ek kan ook Engels praat, ek's nie stupid nie. Ek het net verwag dat sy Afrikaans sal praat, dis al. Are the bathrooms en-suite? And also is there air con?
T: *(through grinding teeth)* The... CHALETS... are fully equipped with en suite bathrooms and air conditioning, as well as a coffee station and a mini bar, which we charge extra for.
K: Ag great. So sê vir my watse aktiwiteite...
I: So tell me, what activities...
K: Ek kan Engels praat, los my uit. Are there any activities?
T: Well, tonight, like it says on the website, there's an Nqomboti tasting.

(more bewilderment)

T: That's traditional Xhosa beer.
I: *(trying to appear hip)* Oh like craft beer.
T: Yes. Like... craft beer. But older. Centuries older. And a dearly held tradition.
K: You know, craft beer is picking up there by us. Very popular.
T: Oh?
K: Ja.

(slight awkward pause)

T: After the Nqombothi-

(bewilderment)

T: After the BEER tasting, we'll present an evening of traditional dance.
K: Ah awesome!
I: Ja, I wish I can dance like you guys. you just have so much more rhythm than us.
T: Thank you. You're also encouraged to join the dance, to *(fighting an eye roll, clearly reciting a script)* experience the throbbing rhythms of Africa first-hand.
I: Wat dink jy? Moet ons dit doen?

K: Ek weet nie, dis maybe ‘n bietjie much vir my.
I: Ah come on meisie, ons is nou hier! Ons insta gaan pop.
K: Wel okay dan, hoekom nie!
I: Yay! Ja we will definitely be dancing.
T: Great... Let me just get your outfits...
I: Hoor jy? Outfits!
K: Ek love love LOVE outfits.
T: Here you go. *(Hands over skirts and beads)*. The festivities start at 7:00 for 7:30, and you can-
I: Wag ‘n bietjie...
K: Wait a bit...
I: Ek kan ook Engels praat! I’m sorry, but I think you forgot to give us the top... part. Of the outfit.
T: *(smile at the corner of her mouth)* Nope. That’s it.
I: No, but... *(Softly to K)* O shit, ek kan nie hierdie doen nie. Ek kan nie my... tietietjies wys nie. Net nou sien iemand.
K: Dis fine, ek het my laptop gebring. Ons kan Greys kyk.
I: Okay great.
K: *(back to Thami)* Okay, cool, that’s great. Very great. We will see you then, thank you Tammy.
I: Nee maar moet ons nie vir haar sê-
K: *(softly)* Kom net, kom net!
T: Your keys!

UIlana Cilliers ucenga izinyanya zakhe (nge siXhosa)
(Vertaal deur Bongiswa Majikijela en Ilana Cilliers

Ilana:
Sikunika udumo nembeko Qamata
Sikwa nqula sininik'imbeko kuni bantu abaphantsi
Sithi maku dede ubumnyama kuvele ukukhanya
Sicela nisivulele indlela ukuze sibone ngokuphangaleleyo
Sive kakuhle, sithethe ngokuvakalayo.

Ndithetha nawe, wena Sarel Cilliers, nyana ka Carel Cilliers, owalwa ecaleni kuka Johannes Pretorius, nibulala amaZulu kumlambo wegazi, nibabulala egameni lika Qamata owathi emva koko wadibana nomngcathi inkosi uMpande

Ndithetha nawe Jan van Riebeeck owafika kweli lase mzantsi ukhwele isikhitshana

Ndingakulibelanga wena D.F. Malan inzalelwane ka Jacques Malan owadala iyantlukwano phakathi kwabantu bomzantsi Africa phantsi kwemithetho

Izandla zenu zidyobekile ligazi enaliciitha ezweni lonke.
Nina, nzala yamazwe apesheya.
Nisasiporhela, niyasigulisa.

Zikhululeni!
Lubuyiseni kuni ugalelo lwenu.
Lungisani iziphoso zenu.
Ixesha liphelile.
Siyazika!
Amathambo enu ayawungcolisa umhlaba.
Lungisani iziphoso zenu.
Nisityala oko.

Ndiyanucenga, zinyanya zethu, ndiyanicela!
Sincedeni!

Thami: You have reached the mailbox of

Pierre: Sarel Cilliers? Hoe wer-

Thami: To leave a message for

Pierre: Sarel Cilliers? Hoe wer-

Thami: Please wait for the tone.

Tone begin, en hou nie op nie.

Ubuntutu jouself
(Desmond Tutu Ubuntu speech via internet derangement/translation)

Ubuntu
is vir gedruk
te verdrukte
s.

Een is versprei ver van 'n jy
of geheel van
die een en die ander ly

ons feit praat weet wanneer
uh... in uh... i
solasie.
word bedreig
ons word verm
in
der
en onderdruk.

voel

Ubuntu

- jy en 'n menslike vrygewigheid vir die wêreld.
ver
bind onsself dat julle
vryg
ewigheid

voel

doen goed,
individue

Ubuntu jouself
kom ons land
Ubuntu
Jy hoef te doen geheel mens
dom.
is dié wat aan die wêreld raak mens
lik?

geskei spreek mens
likheid,
gemartel, gedreig,
dikwels gemartel ‘n ander,
ver beskikbaar in staat vir ons.
Een vir 'n ander,
versprei onder
lings
deur 'n geheel reg
verdig.

dink goed,
doen van wat dit dink

wat u doen raak die hele en
terwyl jy doen wat jy doen raak
die woorde 'n groter ander,

Ubuntu
is as 'n mens vry.

♪ Taal
Karli:
Ek gaan koop 'n boek. Maar daar's 'n drukkersfout.
Ek gooi dit op die grond neer, sommer hier nou
Ten minste moet ek dit hier by die ruit uit smyt
en sallit verkies as die venster toe is – voel hoe fokken great!

Voelit hoe vliegit bedriegit hier deurie blindings,
laat dit die onsamehangende sinne verskeur,
laat dit die sinne, die woorde, morfeme, foneme laat spuit!
Ver-val ver-by re-kon-struk-sie, ver val dit in 'n diskoers in;
poesit deur die venster en kyk wat verder gebeur,
soekit nie by my nie, kan niks meer vannit leer.
Oepsie hier-die glas willie breek-ie,
poesit dan net harder volgende keer. BA!

Gooi die boek en verminder dit tot fotone,
Voel hoe fokken dans die vibrasies hier deurie muur.
Laat dit die boek verkrummel tot molekuletjies
Tussen atoom en atoom van die konkrete muur,

Drukkit regdeur die telefoondrade,
skuddend van oortollighede en fokken geraas
Kolkend elektroniese impuls en entropie,
volgehoue vloei van informasie.

Ek gooi dit uit my huis, uit die blok en woonbuurt,
verby die stad en verby die fokken provinsie.
Verby die streeksraad, en nasionale bestuur
verby die sensuur
eie kleine westerse kultuur
atmosfeer, biosfeer, stratosfeer, gravitasie
sonnestelsel, sterrestelsel, astronominasie
Tot die punt waar die STELSEL sy fokken perke bereik.
Tot die punt waar die STELSEL sy fokken perke bereik!
Waar ruimte-tyd nog nie daar is nie
Ruimte-tyd sal ontwyk
Waar dit ontvang sal word deur 'n onwese
of eerderder die ongewenste nie-wese
Dit sal tog nooit wees nie net soos dit tog nog nooit was nie.
Om verlore te raak...
in die absolute, gewaarborgde, onweerspreekbare niksheid. Net wat dit verdien – niks meer nie, en niks minder nie.
(Stilte)

O, ek weet dat ek ook sal eindig en weer wees soos wat ek was voor ek gebore is. Behalwe als verby in plek van als wat kom. Die stilte van die aarde wat my al so lank dra sal binnekort myne ook wees. Daar sal ek wees, net onder die grond. Eers heel, en dan stukkies. Stukkies wat deur die aarde dryf. En dalk, een dag een dag, sal 'n stukkie van my deur 'n rotshang dryf en daar sal ek wees, 'n stukkie van my in die see.
(*Stilte)*

'n Ton wurms in 'n akker.Dis 'n gelukkige gedagte.'n Ton wurms in 'n akker.Ek glo dit.

(*Stilte)*

Ek het besluit ek wil nie meer vir ewig leef nie.

Die laaitie issie sat nie
(deur Marlo Minnaar)

Die laaitie issie sat nie.

Die laaitie trek nongoloza teen sy tánie

Wie se trane tik drip deur die kanale van kristal en dit nie meer kon vattie
lig sy haar vuiste teen haar oudste bal

die laaitie issie sat nie

die laaitie en sy maatjie, wie vir hom sy tatie broer se ou toughees leen oorlat ma met n vuilgat speen
want anders het sy nie ’n dakkie,

word recruit as die *nomme* se pantzersoldaatjies

tik tok, tik tok amper is die stock op

jesus se soldaatjies koes deur ma se heilige shatterproof deur wanneer *the land of the free* met
ysterpenne die flatse regeer tokolosies hou die blok dop
maar *heil Hitler* se pantzerschokolde

wat ons mense na got laat bid vir genade

die laaitie issie sat nie

is met ’n saloet;

“AS ONS VAT, VAT ONS VLEIS EN BLOED”

die laaitie issie sattie

die laaitie wie net wou kennetjie speel in die sand in Parkwood

♪ Die Klaaglied van Chico the Clown

Nicole:
Elke dag verf ek my gesig
met ‘n groot glimlag aan.
Met wit poeier skuil ek
van wat binne aangaan.
Hulle sal nooit weet
hoe ek regtig voel nie
Dat om in hierdie fantasie te leef
Is nie cool nie

Ek is ‘n wit nar
in die land van rooi Indiane
Ek wil net huil maar
sluk met ‘n glimlag my trane
Wat soek ek hier?
Wat doen ek hier?
Iemand het dié nie deurdink nie

Chief Littlefeather staar van die muur
Hier by die Wounded Knee Spur
Ek weet ek hoort nie hier
Net ‘n hanswors oppie Big Sur

Hulle almal lag (ka ka ka)
Maar ek dink nie dis snaaks nie
Ek, soos Indiane in Afrika
Weet nie wat ek hier maak nie

Ek is ‘n wit nar
in die land van rooi Indiane
Ek wil net huil maar
sluk met ‘n glimlag my trane
Wat soek ek hier?
Wat doen ek hier?
Iemand het dié nie deurdink nie

Nog ‘n Brecht 2

Marlo:
die wat die vleis van die tafel af vat
leer vir ons die waarde van tevredenheid
die vir wie die bydrae bedoel is
eis nog opoffering
die wat eet tot hulle bars sê vir die honger
dat wonderlike tye op pad is
die wat die land die donkerte instuur
sê heerskappy is te moeilik
vir normale mense soos ek
of jy

♪ Piece in our land

Ilana & Thami:
South Africa
We love you, our beautiful land
Lets show the whole world
we can bring peace in our land

Die Kinders van die Kinders van Verwoerd

Nicole/MA: "En so het Nelson Mandela die hele Suid-Afrika bevry van rassisme en armoede en almal was gelukkig en het in vrede saamgeleef aan die punt van die reënboog. Die Einde."
Karli/KIND: Dis so 'n mooi storie, Mamma! Vertel vir my nog een?
Nicole/MA: Nee, my kind. Mamma moet nog môre se kosblikke gaan pak en dis klaar verby jou slapenstyd.
Karli/KIND: Ag asseblief, Mamma!
Nicole/MA: Nee, jammer, Bokkie. Lekker slaap.
Karli/KIND: MAMMAAAAAAA! Mamma, asseblief Mamma! Hoekom is jy so lelik met my, Mamma? MAMMAAAAAAAAA!
Nicole/MA: Fine! *(stil)* God... Okay, as jy 'n storie wil hoor, sal Mamma vir jou 'n storie vertel. Weet jy wat gebeur met klein kindertjies wat nie wil gaan slaap nie?
Karli/KIND: Nee?
Nicole/MA: Wel, terwyl hierdie kindertjies – kindertjies wat nie wil gaan slaap nie, of wat hulle Mammas pla – in die bed lê, kom die Swartman.
Karli/KIND: Die... Swartman?
Nicole/MA: Die Swartman.
Karli/KIND: Soos... swart mense?
Nicole/MA: O nee, my kind, nee, moenie verkeerd verstaan nie. Meeste swart mense is heeltemal skadeloos. Baie van my Facebook vriende is swart. Maar die Swartman is iets anders. Hy is... krimineel. Die legende gaan dat hy nie voldoen het aan Mandela se vereistes nie, dat hy gerebelleer het, en dat hy uit die paradys gegooi is om die res van sy lewe in donkerte te spandeer.
Karli/KIND: En... en... wat doen hy? Maak hy die kinders seer?
Nicole/MA: Erger. Baie erger as dit.
Karli/KIND: Erger as 'n lammie?
Nicole/MA: As die moord van jou hele familie erger is as 'n lammie, ja. Die Swartman kom van die donker plekke af om wraak te neem. Hy breek in, verkrag die vrouens, partykeer klein dogtertjies, vermoor almal en steel die TV en die kar.
Karli/KIND: Die TV!? Wat kan ons doen om hom te keer?
Nicole/MA: Nie veel nie, my kind. Dis hoekom jou pa 'n rewolwer in die bedkassie het. Wel, dis my storie. Lekker slaap.
Karli/KIND: Maar ek's bang, Mamma.
Nicole/MA: Ja. Ek ook.

Haan sound effect
Karli: Wat ‘n beeldskone dag in Suid Afrika!
Almal: Improv

♪Wit Tuisland

Dis ‘n nuwe dag in Suid-Afrika
Almal lag en soen mekaar
Al die grense is afgebreek
En die bleek ou dae is klaar

Ludwig: Maar
Wat van my?

Almal: Wat van jou Ludwig/wat is fout Ludwig (improv)

Ludwig: My velletjie is so wit
Almal: (Improv)

Ludwig:
En ek sit aand na aand
Aan die dink
An die dink en drink
Waar kan ek gaan?
Waar kan ek gaan?

Almal: Waar kan ek gaan? X2

Almal: Orania!
Ludwig: Baken vir die Afrikaner!
Almal: Orania!
Ludwig: Draai terug al die jare!
Almal: Orania
Ludwig: Altyd 1988
Almal: Orania
Ludwig: Die witman is nog magtig

Daar’s swartes in my rugbyspan
My alma mater is aan die brand
En elke jaar sal ek kla
Oor Durban se strand

Waar kan ek nog ‘n blanke wees?
Waar sal mense my respekteer?
Waar kan ek lewe sonder vrees
En alles om my beheer?

Ludwig: De Zalze
Nicole: Security en gholf speel
Karli: Erin vale
Marlo: SUV's en Gholf speel
Thami: Dainefurn
Ilana: Designer wear en gholf speel
Almal: Fancourt
Ludwig: Sundowners en gholf speel

Almal: Pretoria!
Ludwig: Baken vir die Afrikaner!
Almal: Durbanville!
Ludwig: Draai terug al die jare!
Almal: Hermanus!
Ludwig: Altyd 1988
Almal: Stellenbosch!
Ludwig: Die witman is nog magtig

Ilana: Hey man, daai shit klink nogal rassisties.
Ludwig: Moet jy dit nou weer 'n kleur ding maak?
Ilana: Is dit nie presies wat jy gesê het nie?
Ludwig: Nee, politiese korrektheid is die saak.

Ilana: Wat bedoel jy?
Ludwig: EK bedoel ek kan nie sê wat ek dink nie.
Ilana: En uhm. Wat dink jy?
Ludwig: *(pause)* Dat swart mense beter af was onder Apartheid.
Karli: He said that black people were better off under Apartheid
Ilana: Jissis. Dis fucked up. Jy's fucked up.
Ludwig: Tipiese millenial rasseverraaier!
Ilana: Okay wow.

Almal: Orania!
Ludwig: Waar niemand my sal pla!
Almal: Orania!
Ludwig: Dis alweer die goeie ou dae!
Almal: Orania!
Ludwig: Dis nie 'n rassistiese ding nie, okay,
Almal: Orania!
Ludwig: Dit gaan oor kultuur soos koeksisters,
Almal: Orania!
Ludwig: rugby, Jan van Riebeeck en die Bybel!
Almal: Orania!
Ludwig: Natuurlik die Bybel. En uhm sokkie?
Almal: Orania!
Ludwig: En die kleur oranje. En... uh... die Boereoorlog! Ja, dis 'n groot een.
Almal: Orania!
Ludwig: Shame. Baie erg. Arme boerebabatjies.
Almal: Orania!

Ek gaan terug
Ek gaan terug
Terug in tyd
Na ‘n plek
Gemaak net vir my

Agge Nee

Thami:
Things were tense in the Du Plessis household this Sunday afternoon. Letitia, the eldest, had just told her family that she was gay, and on top of that the air con was broken. Beads of sweat formed on foreheads and upper lips, dark stains spread under arms.

Pappa was silent, for he was caught in a double bind of sorts – although he very much enjoyed masturbating to simulated lesbianism, he found the real thing rather distasteful. He was concerned that he would be unable to indulge in his favourite pornography without thinking of his daughter. Oh, there were moral questions of course, questions of right and wrong, but mostly he was worried that he would have to spend a lot of time finding a new fantasy outlet. Maybe interracial porn would do the trick.

Frikkie, the youngest, was wondering whether it was natural to find your sister attractive, and just managed to suppress the thought of his sister and his mother having sex before he turned back to the rugby. He liked the tackles, the raw speed and violence of it gave him vicarious chills, and dispelled any incestuous fantasies from his consciousness. But fantasies never go away, as we know, and Frikkie will struggle to look his mother in the eyes for at least a year.

A valium giggle tinkled from behind Mamma's teeth. These things didn't really matter to her. She liked the irony of coming out of the closet on a Sunday, and wondered what the M-Net movie for tonight would be. She would inevitably fall asleep 30 minutes in, but she enjoyed the stimulating noises and colours – a hypnotic reminder of a time when her life was still exciting. She was happy that Letitia's life would now be exciting. At least for a little while, until she grows out of this sapphic phase and finds a nice man who isn't too violent to settle down with.

And Letitia? She was just wondering how the fuck she was going to make it through Christmas, how she was going to tell them that her girlfriend is black, and how difficult it would be to legally change her name.

Drama!

Thami/Evelina

Marlo/JOHN: *(aan gehoor)* Welkom! My naam is John Abrahams, LLB, LLM, prokureur. En vandag, in my kantoor, het ons die Du Preezsteen familie. Kom ons kyk bietjie na ons Dramatis Personae:

Eers, Anna du Preezsteen, die weduwee. Devastated but ravishing in all black.

Volgende het ons Malan, die oudste. Pappa se gunsteling. Hy het lank gelede sy drome opgegee en sy grootste plesier in die lewe is om sy bankrekening dop te hou soos 'n video game top score.

Dan, die tweeling, Lena en Anel. Lena swot fine arts en Anel design by die Universiteit van Stellenbosch. Hulle beplan om eendag hulle eie bemarkingsagentskap te besit.

Laastens, Evelina. Sy werk al vir 30 jaar vir die gesin en is gelukkig, soort van. Sy kon haar kinders deur universiteit sit (met die hulp van 'n hele paar beurse.) Sy is eintlik net hier om te help met die inkopies op pad terug huis toe.

Die rol van Magnus du Preezsteen word gespeel deur hierdie effe kitsch, effe barok urn.

(aan gesin) Julle, kan ek net weer sê hoe verskriklik jammer ek is oor Magnus se afsterwe? Dit was 'n groot skok vir ons almal, en ek dink aan julle.

Nicole/ANNA: Dankie, John. Dit beteken baie vir ons.

Ludwig/MALAN: Ja, Dankie John. Ons waardeer dit regtig.

Marlo/JOHN: Goed. Kom ons begin. Die laaste testament van Magnus Jakobus du Preezsteen. "Ek, Magnus Jakobus du Preezsteen, het so baie van die lewe gesien en ervaar,en ek kon nie vra vir meer nie. Ek wil begin met 'n boodskap van liefde aan my familie-"

Nicole/ANNA: Ek dink ons kan maar hierdie deel skip. Nè, kinders?

Karli/LENA: Yup.

Ilana/ANEL: Yup.

Ludwig/MALAN: Ja.

Marlo/JOHN: ... Goed so. "So life ... die beste dag van my lewe ... trots ... liefde ... liefde ... 'n paar woorde van wysheid ... moenie ... sal jy altyd ... al my liefde, Magnus." Okay, hier is dit: "Aan my vrou, Anna, los ek die Tamboerskloof huis – die huis waar ons mekaar leer lief-"

Nicole/ANNA: Okay, goed dankie.

Marlo/JOHN: **“**Aan my seun, Malan, los ek die Aston Martin.”

Ludwig/MALAN: Yes!

Marlo/JOHN: **“**Malan, ek weet hoe lief jy is vir spoed en aksie-“

Karli/LENA: Wat van ons?

Marlo/JOHN: “Vir Lena en Anel, my engelkinders, los ek my kunsversameling en die Kaapstad woonstel. Ek is nog alty-”

Karli & Ilana/TWEELING: *(witmeisie gil)*

Nicole/ANNA: Dit voel goed. Die closure. Dankie, John, as ek net-

Ludwig/MALAN: Okay, great, baie dankie John. As dit al is-

Nicole/ANNA: Sit, Malan! Wat van die vakansiehuis, John? Jy het niks gesê oor die Hermanus huis nie.

Marlo/JOHN: Ja ek was nou net oppad-

Ludwig/MALAN: Ja, wat van die vakansiehuis?

Marlo/JOHN: “Die huis in Hermanus los ek aan Nomthandazo Ngomezulu, om haar te bedank vir haar jare van getroue diens.”

Nomthandazo sit haar hand oor haar mond in skok.

Ludwig/MALAN: Wie?

Nicole/ANNA: Ek kan dit nie glo nie!

Ludwig/MALAN: Wie is dit?

Nicole/ANNA: Ek kan dit nogsteed nie glo nie!

Ludwig/MALAN: Ek weet nie wie dit is nie!

Karli & Ilana/TWEELING: Dis Evelina, Malan!

Ludwig/MALAN: Evelina!? Ons Evelina?

Karli & Ilana/TWEELING: Ja!

Geskokte stilte.
Nicole/ANNA: Wel dis seker... okay?

Karli/LENA: Ja.

Ilana/ANEL: Ons het in elk geval nog steeds meer as wat ons eintlik nodig het.

Karli/LENA: En Evelina bly in ‘n township.

Ludwig/MALAN: So dis eintlik soort van ...

Karli & Ilana/TWEELING: Regverdig.

NicoleANNA: Sjoe, ek’s bly ons het nie ‘n scene daarvan gemaak nie.

Ilana/ANEL: Ja, dit het vir ‘n oomblik gelyk of daar drama gaan wees.

Karli/LENA: Totally.

Ludwig/MALAN: Ek’s net bly dit het nie ‘n aaklige ras-ding geword nie.

Nicole/ANNA: Ja, wie het die tyd om daarmee te deal. Okay, julle, kom ons gaan Woolies toe.

Ludwig/MALAN: Kom, Evelina.

‘n Paar klein Brecht vertalings (Brecht 2)

Karli: ‘n Ryk man en sy arm broer
staan en kyk vir mekaar.
Hoor hoe skel die arm een:

Pierre: Jy sou nie ryk kon wees
as ek nie arm was nie.

♪So Vreeslik Baie Liefde

Ludwig/MC: En nou, met die treffersnit van hulle nuutste album *Hierdie Liefde is 'n Goeie Liefde en Ek Hou Daarvan*, dames en here, sit julle hande saam, skei hulle weer, sit hulle weer saam en so aan vir Johhny en Megan-Lee, met *So Vreeslik Baie Lief (vir my Vakansiehuis)*.

Marlo/J: Howzit Hartenbos!

Ilana/ML: Hoe voel julle vanaand? Kan jy aan 'n ander byvoeglike naamwoord as 'lekker' dink?

Marlo/J: Natuurlik nie, ek het in graad 10 laas 'n Afrikaanse boek gelees!

Ilana/ML: Lekker!

Ilana/Marlo: Oh Ah oe lala, ooh ah cha cha cha

Marlo/J: Kan jy my stem hoor?
So rof en so grof
Saggies in jou oor
Vanaand

Ilana/ML: Ek kan jou lyf voel!
So buff en so tough
Saggies in my bed
Vanaand

Marlo/J: Ek lyk soos of ek op 'n plaas werk
Met 'n cowboy hoed en 'n baard
Maar die skoene wat ek dra, is meer werd
As jou salaris vir 'n hele jaar

Ilana/ML: Ek is die girl next door
Met 'n platekontrak en 'n makeup span
My subtekstuele seksualiteit
Hou die ligte van my huis in Hermanus aan

Marlo & Ilana/J+ML: Ek het so baie liefde
So vreeslik baie liefde
Vir al die geld wat ons maak
Ek het so baie liefde, so vreeslik baie liefde
Vir die harte en sakke wat ons raak

Jy het so baie liefde
So vreeslik baie liefde
Vir ons aangeplakte gesing
Jy is meer as welkom, ja baie meer as welkom
Solank jy jou beursie saambring

Ilana/Marlo: Oh Ah oe lala, ooh ah cha cha cha

Marlo/J: En baby, sê vir my
Is ek die een vir jou?

Ilana/ML: Baby, bly by my
Terwyl die geld aanhou
Instroom
en instroom

Marlo & Ilana/J+ML: en instroom
en instroooooooooom

Marlo/J: Is julle dom fokken naaiers reg vir 'n key change!?

Marlo & Ilana/J+ML: Ek het so baie liefde
So vreeslik baie liefde
Vir my huisie by die see
En as ek net aanhou dans
Sal jy vir my nog een gee

Jy het so baie liefde
So vreeslik baie liefde
Wat ons gereeld uitbuit
Jy sal altyd aanhou terugkom
Al is ons emosies fake

Marlo/J: Dankie, Harties!

Ilana/ML: Blessings, blessings.

Marlo/J: In die gazebo kan julle ons CD koop. Koop sommer vyf!

Ilana/ML: En julle kan ons tshirts, caps, bekers selfie sticks, ML & J selftan lotion,,. Baie dankie
(blaas soene)

Marlo/J: (*Improv)*

Ludwig/MC: Shhht! Af nou. (prober backup dansers van die verhoog af kry)

Ludwig/MC: Dames en Here, nog een keer vir Johnny en Megan-Lee! Amazing, asemrowend, wow. Net wow. Volgende is Jol 7 met hulle partytjietreffer, *Dans soos 'n Poephol*, *Afrikaans is Great*.

A Word from Our Sponsors

(Pre-recorded)

Nicole: Is jy moeg? Spiritueel en eksistensieel uitgeput deur die politiek? Is jy siek en sat vir werkersklas studente se geregverdigde, maar soms misplaaste woede? Vir bedelaars wat jou laat skuldig voel? Vir nog ‘n rondte van Marikana verhore?

Probeer nuwe Apatie.

Apatie, die wondermiddel wat ‘n goeie nagrus in jou gemaklike huis verseker, sonder enige morele steurnisse of wyer kontekstuele oorwegings. Hoor wat een van ons soort-van-gelukkige gebruikers sê:

Ilana: Ek het so twee jaar gelede begin Apatie gebruik en die resultate is merkwaardig. Ek was altyd baie bekommerd en het selfs oorweeg om geld aan liefdadigheid te gee, maar toe probeer ek Apatie en nou kan ek net ... actually ek is oor hierdie kan ek maar gaan okay bye.

Nicole: Apatie. Makliker as empatie.

Marlo: Vra vandag vir jou dokter of Apatie reg is vir jou. Of moenie. Wat ookal.

Dans met Geskiedenis

Ilana:
‘n Performer sit op die rand van die verhoog en rook met rituele versigtigheid. ‘n Ander performer dans met die rook, sy/haar liggaam gebreek en geglitch. ‘n Derde performer speel rukkerige industriële perkussie.

Thami: Humming

Nog Brecht 3 (Xhosa)
(vertaal deur Thami Baba)

Thami
Abantwana esifunda nabo abasokolayo, yofika betsho ngezo batyana zabo.
Basoloko befika emva kwexesha apha kusasa ngexesha lezifundo zokuqala.
Ngoba kaloku bathuthela oMama babo ubisi okanye amaphepha Ndaba.
Ootitshala baba bhala ezincwadini ezimnyama, babaxelele ukuba baphume.

Abaphathi sonka, ngexesha lekhefu babhala umsebenzi wabo wasekhaya ezikoneni, yayinga vumelekanga lonto, ikhefu lalenzelwe ukuba sidlale okanye sitye.

Babesithi xa bengalazi ixabiso lesishumi se PI , Ootitshala bababuze ba kutheni bengahlelanga ebugxwayibeni apho basuka khona.
Kodwa nabo babengazi.

Imibono yabo, yayigcwele ziingcambu ze ntyatyambo ezimfutshane .

♪Kinderkoor

haal jou blinddoek af
een voet in die graf
jy kan ons nie meer lei nie
jou pêrels kan jou nie bevry nie
die wêreld sal jou nooit vergewe nie
dit is nie meer jou lewe nie

jou wêreld val al meer en meer
en die seer wil nie genees nie
so wees net hier en kyk
hoe lyk die einde van die fees

dit was lekker maar dis nou verby
dit was lekker maar dis nou verby

Die Klas

Nicole/Juffrou: Môre, Julle!

Almal: Môre, Juffrou Fouche!

Nicole/Juf: and a good molo to you too Thami.

Nicole/Juffrou: *(terwyl sy haar goedjies neersit)* Wat 'n wonderlike sonskyndag! Goed, my blommetjies, vandag se tema i-is... *(klein drumroll met haar hande)* Die Natuur! Yay!

Almal: Yay! (*Klap 3 keer)*

Nicole/Juf*:* Ek het vandag vir julle 'n baie spesiale gas: Mpande die panda!

Panda kom ingedans.

Nicole/Panda: Hallo, Mensekindertjies! Ek is Mpande die Panda. Hou julle van pandas?

Almal: Jaaaa. *(Arms in V-vorm)*

Nicole/Panda: Ons pandas is baie spesiale bere. Ons is woonagtig in die magiese Suidelike en Sentrale Chinese woude. Ons gunstelingkos is bamboes, mmh-hmm! Ons wei twee derdes van die dag en rus die res van die dag. Ons eet tot 20kg bamboes per dag!

Almal: Wow *(on-entoesiastiese)*

Nicole/Panda: Maar dis nie altyd oulik om 'n panda te wees nie. Ons is besig om uit te sterf. Daar is net 1000 pandas oor in die wêreld. So, dis baie belangrik dat ons bewustheid versprei en organisasies soos die World Wildlife Foundation ondersteun.

Marlo: Wag 'n bietjie, *(Marlo staan op)* werk jy vir die WWF? *(Almal staan op)*

Marlo: En anyway, ek dink jou kostuum is offensive. *(almal step)*

Ilana: Nie net vir Chinese mense nie, of swart mense nie of previously advantaged nou disadvantaged wit mense nie, maar vir diere.

Karli: As 'n dier is ek offended. *(Almal step)*

Ilana: Ek wil nou nie snaaks wees nie, maar die feit dat jy 'n historic African leader se naam appropriate omdat dit rym met jou kostuum, wys net dat jy nie regtig hieroor gedink het nie.

Ludwig: En dis nie eers 'n goeie rym nie.

Ilana: Ek meen, jy weet seker dat Panda die Afrikaanse colonial verbuiging is van Mpande, Koning van die Zulus tussen 1840 en 1872 is. En jou representation van hierdie figuur is racist. En specieist. Jy deny actually die panda sy reg om net 'n panda te wees. Hy het nie gevra vir julle aandag nie, hy het nie gevra om die de facto simbool vir die hele conservation effort te wees nie. Weet jy dat pandas

fisiologies saamgestel is om vleisvreters te wees? Maar om een of ander rede kou hulle vir urea an een bamboes.

Karli: Original vegans. *(almal step)*

Ilana: Dis so dom. Maar miskien wil hulle nie gered word nie. Miskien moet ons nie ons anxieties op ‘n dier projekteer nie.

Nicole/Juffrou: Ilana, ond gebruik nie die word dom nie, dit is ‘n toilet word. *(almal draai vorentoe)*

Karli: Nee, Juffrou, ek’s jammer, *(Karli step)* maar ek dink dis ongeskik om te verwag dat ek net hier moet sit en inligting ontvang sonder om krities daarmee om te gaan. *(Almal step)*

Marlo: Ja, ek stem!

Karli: Goeie idee! Stem! Okay, julle, wie dink ons moet hierdie problem ‘n bietjie bespreek.

Hande op. Juffrou/panda probeer deurgaans interrupt, maar hulle kan nie byhou met die gesprek nie.

Karli: Wie soek die eerste spreekbeurt?

Ludwig: Ek wil net graag sê dat dit misleidend is om te sê ‘eerste spreekbeurt’ – ek dink ons kan almal bevestig – of, ek vermoed dit, ek bedoel nie om woorde in julle monde te sit nie, maar ek dink dis duidelik dat daar al spreekbeurte was, en dat die offisiële debat nie sig moet verloor van die voorafgaande konteks nie. So ek vra dat jy asseblief sal sê ‘die volgende spreekbeurt’...

Karli: Dis ‘n goeie punt, dankie. Wie soek die volgende spreekbeurt?

Ilana: Ek sal graag iets wil sê. Ek dink ‘n groot probleem met die ideologiese baggage, jy weet al hierdie simboliese verantwoordelikheid, op die pandapak, is dat dit aandag ontneem van ander bedreigde spesies. Spesies wat dalk belangriker is.

Marlo: Ek dink nie jy kan sê sekere spesies is belangriker as ander nie.

Ilana: Maar ek bedoel op ‘n ekologiese vlak is daar sekere spesies wat groter dele van die ecocycle aanmekaar hou.

Marlo: Ja, maar, belangrikheid is ‘n menslike konsep. Ek bedoel, belangriker vir wie?

Ilana: Vir alle diere. Vir alle lewe, actually. As hierdie spesies, soos bye byvoorbeeld, sou uitsterf sou die fallout baie meer severe wees.

Marlo: Okay, dis ‘n goeie punt. Ek onttrek my objection.

Almal: Pandas is onbelangrik.

Nicole/Panda: Hey! Dis unfair.

Ludwig: Ek wil almal ook net herinner dat ras nogal ‘n groot deel is van hierdie problematic.

Almal: almal mompel

Ludwig: Wag nou, ons gee vir hom ‘n kans.

Nicole/Panda: Ek’s jammer julle, ek het seker net nie gedink daaroor nie, nie regtig als in ag geneem nie.

Karli: Dis cool, dude. Almal kan altyd iets leer. (*almal sit weer)*

Marlo: Okay julle, wie stem ons vat ‘n juice en nap breek?

Hande op.

Marlo: Cool, sien julle dan eenuur. Wat sal ons topic wees?

Ilana: Ek sal graag wil praat oor werkersklas mobilization.

Karli: Ek dink nie die Mpande subject is uitgeput nie.

Ilana: Fair enough, maar ek dink ons kan almal bietjie tyd vat om daaroor te dink. Sal dit okay wees as ons dit môre weer revisit?

Nicole/Juffrou: Uhm, julle, môre is die speltoets, en ons doen die vyf maal tafel end an die post piekniek vraelys!

Almal: Yay!

Die klok lui.

'n Paar klein Brecht vertalings (Brecht 3)
(Peoples court)

Everyone (Thami as lead):

step forward: we hear

that you are a good man

you cannot be bought,

but the lightning

which strikes the house,

also cannot be bought.

you hold to what you said.

but what did you say?

you are honest,

you give your opinion.

which opinion?

you are brave

against whom?

you are wise

for whom?

you do not consider your personal advantages

whose advantages do you consider then?

you are a good friend.

are you also a good friend of the good people?

hear us then: we know

you are our enemy

that is why we shall

now

stand you against the wall

but in consideration of your merits
and good qualities
we shall stand you against a good wall
and shoot you with a good bullet
from a good gun
and bury you with a good shovel
under the good sun.

Spur people, people with a taste
for life

Heelal

Karli:
Tot ‘n mindere of meerdere mate maak dit my bang, hierdie idee dat die heelal aanhou uitbrei, aanhou versprei, sonder om ooit meer te word. Ek voel partykeer so. Ek voel partykeer asof ek planete is wat uitmekaar spat, soos sterre wat verder en verder weg van mekaar af beweeg. Soms kan ek dit voel, die ouderdom. Die ouderdom van sterre wat so vêr weg is dat hulle eintlik dood is en soms, wanneer ek na hulle kyk en hulle lig voel, kan ek voel hoe oud daardie lig is. Soms verbeel ek my dat ek die heelal is, dat ek al hoe groter en groter word, maar met al hoe meer leë spasies tussenin, en al die sterre wat uitbrand, inmekaar insak. ‘n Niks word. ‘n Aktiewe niksheid, wat alles insluk. Ek is bang vir daardie dag, daardie dag wat ek nie meer kan groter word nie, die dag wat alles weer terugspring om weer ‘n enkele breekdeel van ‘n partikel te word. ‘n Digte swart gat waaruit niks kan ontsnap nie. Dit moet een of ander tyd gebeur. Dit moet een of ander tyd gebeur.

Rant:

Ludwig:
Weet jy wat's kakker as middelklas Afrikaners?

Ryk Afrikaners. Of eintlik alle ryk wittes.

En hier praat ek nie van ryk soos in hulle kan DSTV en tacky olieskilderye van townships bekostig nie. Ek praat van die regtig obsene wel-af, met twee porsche en 'n landy in die garage van hulle Corbusier knockoff huise in suburbs wat bewaar word deur 'n gehuurde weermag van privaatsekuriteitsagente.

Die slymerige skepsels is nie wit nasionaliste nie, want hulle het besef die vrye mark maak dit baie makliker om hulle belastinggeld op Carribean cruises te stuur – to the tune of 25 billion Yankee dollars over the last 40 years (yes, even apartheid couldn't part them from their ill-gotten gains). 25 biljoen dollar en julle wil kak praat oor Nkandla? Na hulle in '93 geleer het dat die ou vryheidsvegtes nou meer geïnteresseerd was in vrye tyd en 'n sakgeldjie, het die ryk Afrikaners teruggesit in hulle goddelose McMansions en briewe begin skryf aan die Stellenbosch Universiteitsbestuur. Meanwhile bly die labour cheap as chips. En moenie laat die fokkers vir jou sê hulle was anti-Apartheid nie – dis net baie makliker om swart mense vir peanuts in jou fabrieke te laat werk as hulle nie die heeltyd gearresteer word vir pas-oortredings nie.

Hierdie is die tipe fokkers wat sal kla oor plakkerskampe terwyl hulle gholfbane besit. (Dit mors water, jou kont!) 'n Huis in Kaapstad, 'n flat in Joburg, 'n vakansieplekkie in Hermanus, 'n plaas in die Vrystaat en 'n woonstelblok in Stellenbosch waar hulle R8000 'n maand charge vir 'n bachelor's flat wat nie groot genoeg is vir 'n hamster nie. En ONS is die luiaards wat alles soek vir niks nie?

Hierdie papgedrukte vrot vrugte suig nog heel lekker aan pappie se privilege-tiet, maar sal die fokken balls hê om vir die armoediges te sê dat hulle net harder moet werk – ons is mos nou almal vry om ons potensiaal te bereik, of hoe?

Die ergste is dat hulle ons oortuig het dat hulle gemeenskapspilare is vir die arme Afrikaner terwyl hulle ons pielhare uitruk, dat hulle nie NET so korrup en agterbaks is soos die fat cats in die parlement nie. Hulle het ons gespeel vir fokken chumps en ons het dit gekoop.

My God! Is dit nie tyd dat die dinosourusse uitsterf nie?

En moenie dat ek eers begin met Anglo-Americ-

Die spreker word in 'n straight-jacket gesit en van die verhoog afgelei.

Ons vra om verskoning.

♪Die Grootste Trek (Afrikaners op die Maan)

(Na *Life on Mars* deur David Bowie)

dis nog ‘n dag op die maan
en die familie kom almal saam
maar daar’s ‘n meisie met ‘n droom
van ‘n lewe weg van die chroom
maar daar’s koeksisters om te bak
en die vlees is veels te swak
elke donker dag breek haar hart
maar sy’t ‘n fantasie in haar sak

die familiebybel is oud
en die lig van die sterre is koud
sy kan in die ruimte in skree
maar niemand sal haar hoor nie

die aarde draai nog die heeltyd
sy kan net by vensters uitkyk
soos die man in die maan
sy sal nooit kan wegkom
van haar ouers af nie
daar’s nie ‘n ontsnappingskip
op hierdie godverlate klip nie
afrikaners op die maan

die suurstof raak al minder
en sy voel soos ‘n dooie vlinder
veilig gebêre agter glas
daar’s ‘n droom onder haar matras
dat sy eendag sal kan teruggaan
na haar verlate geboorteland
waar sy uiteindelik vry kan wees
van die vader, die seun, die gees

vry van die stasie sonder naam,
die generasies van bitter blaam,
die paranoia en die vrees,
die druk om perfek te wees

die aarde draai nog die heeltyd
sy kan net by vensters uitkyk
soos die man in die maan
sy sal nooit kan wegkom
van haar ouers af nie
daar’s nie ‘n ontsnappingskip
op hierdie godverlate klip nie
afrikaners op die maan

PPS. Post Piekniek Script

Nicole/1. Behoort enige een taal voorkeur te geniet by Nasionale kunstefeeste? (2)
Thami/1. (Xhosa) Kumelezekile kukhethwe ulwimi olunye oluzakuxhamla kumbiyozo wesizwe? Amanqaku mabini (2)
Marlo/1. Should any one language enoy preference on National Festivals? (2)

Nicole/1: Behoort daar 'n teaterinisiatief eksklusief vir Afrikaanse teater te wees? (2)
Marlo/2: Should there be a theatre initiative excusively for Afrikaans? (2)
Thami/2: (Xhosa) Kumelezekile kubekho icandelo lezomdlalo weqonga obekelwe bucala elenzelwe isibhulu.? (2)

Marlo/3: The national AfricanTheatre inisiative granted R1 million towards this production. I it…okay? Motivate. (2)
Nicole/2: Die Nasionale Afrikaanse Teaterinistiatief het R1 miljoen aan hierdie produksie toegestaan. Is dit... okay? Motiveer. (2)
Thami/3: (Xhosa) NATI ukhuphe isigidi serandi ukwenza lo mdlalo. Ingaba kulungile oko? Phuhlisa

Thami/4: Het jy nou al jou hart vir Hillbrow gegee? (2)
Marlo/4: Have you given your heart to Hillbrow?
Nicole/4: (Sotho) E ka ba pelo yahao esantsane e le Hillbrow?

(Rant begin)

Nicole/5: Is it fair for dramatic critisizm exclusively focussed towards whites? Is it that we are doing? (4)

Nicole/6: Het lede van die geselskap enige reg om arrogante bevoorregte hypocrites te wees? (4)

Nicole/7: (Zulu) ingaba kulungile na ukubandlulula sigqile kubantu abamhlophe kuphela na? Yiko loku esikwenzayo?.
Marlo/7: Is dit moontlik om buite jou sosiale en politiese konteks te dink? (2)

Marlo/8: If you could have sex with anyone currently on stage, who would it be? (1)

Nicole/9: By wyse van hand-opsteek, wie se skuld is alles? (0)
By wyse van hand-opsteek, wie se skuld is alles? (0)
By wyse van hand-opsteek, wie se skuld is alles? (0)
By wyse van hand-opsteek, wie se skuld is alles? (0)

Marlo/10: Vir Bonuspunte: Water. Dink daaroor…

Totaal (20)
+ Bonuspunte